

HOOFSTUK I.

DIE ORIËTERINGSJAAR, SY AGTERGROND EN OPSET.

1. Probleemstelling.
2. Doel en metode van ondersoek.
3. Die doel met die verkenningsjaar.
 - i. Die verkenning van kursusse.
 - ii. Die ontdekking van die self.
 - iii. Loopbane.
 - iv. Opvoedkundige, sielkundige en sosiologiese oriëntering.

HOOFSTUK I.DIE ORIENTERINGSJAAR, SY AGTERGROND EN OPSET.1. PROBLEEMSTELLING:

(i) Die Transvaalse Onderwysdepartement het in 1940 voor die probleem gestaan dat slegs 18% van sy st. 6-leerlinge sover as st. 10 gevorder het. Die ou hoërskoolkursus met sy een vakkeuse het 'n soort plafon gevorm waardeur net omtrent 18% leerlinge kon kom. In 1966 het 39% leerlinge sover gekom wat beteken dat meer as 100% meer leerlinge sover as st. 10 vorder.¹⁾ Hierdie verbetering in die toestand word deur die Transvaalse Onderwysdepartement uitsluitlik toegeskryf aan die invoering van differensiasie en die baanstelsel wat daargestel is, soos Kandel dit stel, om die regte leerling in staat te stel om die regte onderwys van die regte onderwyser te kry²⁾, en om verder, volgens genoemde skrywer, te voldoen aan die eis van "differensiasie volgens bekwaamhede, behoeftes en aanleg"³⁾, want, sê hy, daar moet gelyke geleentheid vir 'n elk en ieder wees om onderwys te ontvang.⁴⁾

1. Koen A.J. Antwoord op "Baanstelsel akademies nuttelos?" Die Transvaler, 6, kol. 7 en 8, 15 Feb. 1966.

2. Kandel, I.L. The new era in education - p. 104

3. ibid. - p. 51

4. ibid. - p. 51

Die nuwe eise aan 'n opvoedingstelsel gestel, het meegebring dat daar 'n verandering ingetree het in die klem op persoonlikheidsontwikkeling in teenstelling met die vroeëre klem op kennis bybring⁵⁾.

- (ii) Ten einde hierdie ontwikkeling van die persoonlikheid ten volle te probeer verwesenlik, is die differensiasiebeginsel aanvaar en om hierdie beginsel se sukses te verseker, is op die idee van st. 6 as die verkenningsjaar besluit deur die T.O.D.⁶⁾. Die doel met die verkenningsjaar is
- (a) die verkenning van kursusse en vakke;
 - (b) die ontplooiing en ontdekking van aanleg, affiniteite, liefde vir- en geneenthede tot sekere vakke; (potensiaal van leerling)
 - (c) die verkenning van moontlike beroepe of studierigtings; (aanleg en begeerte van leerling)
 - (d) en die opvoedkundige, sielkundige en sosiologiese aanpassing en inpassing in die samelewingsverband waarin die kind hom bevind⁷⁾.

5. ibid p. 51.

6. Onderwysbulletin Vol. VIII/I, Mrt. 1963, p. 10.

7. Van Wyk A.H. du P Verslag (1955) p. 81 - Par. 7(a) (e)

Die st. 6 = jaar moet dus 'n oriënteringsjaar wees waarin die kind onder leiding van onderwyser, voogonderwyser en voorligter homself kan ontdek ten einde sukses op skool en in die berop te kan verseker.

In hierdie proses van oriëntering sal daar dan van elke st. 6 = leerling se prestasies in al sy vakke, van al sy potensiaaliteite en van hom as totaliteit, 'n intensiewe studie gemaak word sodat die leerling dan noodwendig in hierdie verkenningsjaar in 'n spesifieke baan geplaas word, nie net op grond van die verkenning deur hom gedoen nie maar en ook wel op grond van die verkenning van hom gedoen deur die voorligteronderwyser, klasonderwyser en skoolhoof. 8).

(iii) Dit is dan ook juis die praktiese implementering van hierdie sg. oriëntasie wat hierdie studieondersoek meegebring het want, volgens uitlatings in die pers en op grond van kontak met kollegas, ouers en leerlinge en op grond van inligting ingewin in die praktyk en deur middel van questionnaires en deur etlike gevallestudies, kom dit voor asof alles nie reg is met die oriëntering en gevolglike baanindeling en die verdere implikasies daarvan nie. Die vraagstuk ontstaan of in die implementering van die oriëntering van die st. 6 = leerling die ideale toestand al bereik is. Oënskynlik is daar etlike gebreke in die stelsel soos op die huidige tydstip toegepas.

8. Van Wyk A.H. du P Verslag (1955) bl. 81. Hierna word later verwys in hfst. 5.

2. DOEL EN METODE VAN ONDERSOEK:

Die doelstelling met hierdie verhandeling is, om teen die voorafgaande agtergrond, die beginsel van en oogmerk met die oriënteringsjaar van nader te besien, veral waar die oriënteringsjaar sy kulminering vind in die baan- of kursusindeling van die st. 6 = leerling. Die implementering van die beginsel van 'n oriënteringsjaar sal dan van nader beskou word veral met die oog op

1. die beginsel van differensiasie,
2. die baanindeling as sodanig,
3. die evaluering van die leerlinge met die oog op toewysing aan bane,
4. voorligting aan die leerling met die oog op sy opvoedkundige, psigologiese en sosiologiese oriëntering aan die hoërskool, en voorligting met die oog op beroepskeuse.

Daar sal getrag word om veral punte 2, 3 en 4 te beskou volgens die ideaal gestel deur die Transvaalse Onderwysdepartement en dan vervolgens die implementering van hierdie aspekte soos dit aangetref is in 'n paar verteenwoordigende skole van nader te besien. Vervolgens sal gepoog word om 'n kritiese bespreking van die oriënteringsjaar te doen en aanbevelings te doen wat daarop bereken is om die bereiking van die doelwit met die oriëntering van die st. 6 = leerling aan die hoërskool te realiseer en die oriëntering doeltreffender te maak.

Die grondslag van baanindeling is differensiasie en volgens Bevelander e.a. is die grondgedagte daarvan differensiasie in leerstof en individuele benadering van die kind in 'n bontsaamgestelde werkgemeenskap⁹⁾. Die skool is vandag nie net gemoeid met die intellektuele groei en ontwikkeling van die kind nie, maar ook met sy sosiologiese, fisiese, emosionele en volisionele ontwikkeling en aanpassing. Baanindeling is die aanvaarding van die beginsel dat almal nie ewe vinnig en ewe ver kan vorder nie, en dat elke individu geregtig is op individuele aandag, oriëntasie en ontwikkeling tot volledige en nuttige burgerskap. Hierdie beginsel is dan ook Bybels gefundeer want ons lees in Genesis 1 dat plante en diere "volgens hulle soorte"¹⁰⁾ geskape is, en dit is duidelik dat God nie 'n kleurlose gelykvormigheid of eendersheid in Sy Skepping verlang nie. Die mens is immers die kroon van Sy Skepping.

Aangesien geen twee leerlinge dus m.b.t. verstandvermoë, emosionele samestelling en omgewingsfaktore presies ooreenkom nie, is dit onsielkundig en onopvoedkundig, onbillik en onverstandig om alle leerlinge volgens dieselfde metode in dieselfde leerstof en hoeveelheid leerstof en in dieselfde tydsbestek tot dieselfde peil te wil opvoed. Daar kan nie en mag nie so 'n massifisering tot eendersheid wees nie. "Vir die een gee Hy vyf talente en vir die ander twee en vir die ander een, vir elkeen na sy vermoë."¹¹⁾

9. Bevelander et al: Algemene didaktiek. p. 4, 46 - 49.

10. Gen. 1 : 21,

11. Mat. 25 : 15.

Ten einde vas te stel hoe daar aan die oriënteringsbegin-
sel by die st. VI uitvoering gegee word, sal ons die beginsel
prinsipieel en teoreties beskou by wyse van 'n empiriese studie
uitgevoer met behulp van,

- (a) vraelyste aan leerlinge en voorligtingonderwysers,
- (b) onderhoude gevoer met hoofde, onderwysers, voorligters
en leerlinge,
- (c) onderhoude met ouers en skoolsielkundiges en
- (d) gevallestudie van 'n paar prominente gevalle waarmee
in aanraking gekom is.

In die lig van die gegewns also ingewin, sal dan probeer
word om tot 'n besluit te geraak omtrent die noodsaaklikheid,
uitvoerbaarheid en doeltreffendheid van die oriënteringsjaar
veral met betrekking tot die indeling in bane.

3. DIE DOEL MET DIE VERKENNINGSJAAR OF ORIËNTERINGSJAAR:

i. Die verkenning van kursusse en vakke.

Die st. 6 ÷ leerling is tussen 12 en 14 jaar oud wanneer
hy na die hoërskool kom, d.w.s. op 'n tydstip in sy lewe wan-
neer hy verward, onseker, rusteloos en selfs gespanne is.
In st. 6 maak die kind nou kennis met die nagenoeg twaalf vak-
ke van die hoërskool, waarvan party vir hom totaal vreemd is.
Die klasonderwyser het nou plek gemaak vir die vakonderwyser;
die klasse verwissel na vaklokale, en in 'n groot skool vereis
dit nogal heelwat speurvernuif om altyd by die regte vaklokaal
binne die bepaalde tyd aan te kom, veral nog te meer wanneer

/9....

gesoute medeleerlinge soms uit hul pad gaan om die reeds verwarde nuweling nog meer te verwar. 12).

Die kennismaking met die vakke van die hoërskool bestaan uit die bywoon van klasse, verduidelikings en huiswerk en sg. "take". Uit onderhoude met leerlinge, en navrae gedoen, blyk dit dat juis hierdie huiswerk (in ± 10 vakke) sommige leerlinge reeds vroeg in die verkenningsstydperk 'n hekel aan sekere vakke gee, want vaksukses weeg soms swaarder as vakliefde! 13).

Die leerlinge word natuurlik uit die staanspoor op grond van I.K. en skolastiese prestasie, soos voorsien deur die laerskool, in homogene groepe geplaas. Dit is die aanvanklike baanindeling. En dit is reeds hier waar 'n idee van minderwaardigheid kan ontstaan. Diegene wat 'n swak klasprestasie lewer as gevolg van 'n lae I.K., word aanvaar as die minder-begaafdes en die onderprestasie wat somtyds die gevolg is van een of ander psigologiese of sosiologiese faktor of afwyking, word nie gediagnoseer nie. Hierdie leerlinge openbaar dikwels 'n gesindheid van fatalisme en traak-my-nie-agtigheid. Die lae I.K. kan selfs foutief wees. Die gevolg van hierdie toestand is onderprestasie.

12. Shiels, F.H.: A critical analysis of methods of selecting and streaming secondary school pupils ... etc. p. 116 - 118.

13. Persoonlike onderhoude met leerlinge.
Vgl. ook p. 103 Voetnoot 11.

'n Onderpresteerder sien graag onmiddellike resultate op sy werk en as probleme voor hom opdoem as 'n té groot uitdaging, glo hy dat uitdagings sal verdwyn as hy nie aan hulle dink nie.¹⁴⁾ Spoedig ontwikkel sodanige onderpresteerders 'n minderwaardigheidskompleks.

In hierdie verband kan ook genoem word die sg. laat=ontwaker, die onrype vir die klassifikasieproses. Die vraag ontstaan dadelik of hierdie fataliste en laat=ontwakers kan meedoen aan die verkenning van vakke en bane binne die bestek van een of twee kwartale.

Volgens die T.O.D. moet hierdie verkenning in die eerste twee kwartale van die st. 6=jaar gedoen word en na die Junie-eksamen word die baanindeling gemaak veral, en soms uitsluitlik, op grond van diè eksamenuitslae.¹⁵⁾

ii. Die ontdekking van die self

In die ontdekkingsjaar is die leerling veronderstel om homself te ontdek wat betref sy vermoëns, talente, geneenthede, belangstellings en voorliefdes. Ook die leerlinge se vermoëns tot aanpassing by maats, by die skool- en koshuislewe, in die verenigingslewe, moet deur homself ontdek word onder leiding van die onderwysers. Die vermoë tot leierskap en selfwerkzaamheid moet ontdek word en die oorkoming van stuikelblokke en swakhede moet bewerkstellig word.¹⁶⁾

In hierdie eerste twee kwartale van die st. 6 = jaar word die leerling se potensiaal op sportgebied deeglik deur die onderwysers ondersoek want in die hedendaagse benadering skyn hierdie potensiaal ewe belangrik te wees as die ander

14. U.S. Department of Health, Education and Welfare:
Guidance for the underachiever with superior ability,
Washington D.C., 1961

15. T.O.D. Omsendbrief No. 102, 1965. A1, 2.

16. Shiels, F.H. op cit., p. 116 - 117

hierbo genoemde eienskappe, vermoëns, e.d.m..

Melding is reeds gemaak van die sg. "verwarde toestand" waarin baie van die st. 6 = leerlinge op hierdie ouderdom verkeer. 17). Hierdie aangeleentheid vereis deeglike begrip deur die betrokke onderwysers ten einde die leerlinge in die verkenningsjaar behulpsaam te wees.

Daarbenewens moet gedink word aan die veelvuldige gevalle van psigologiese en sosiologiese afwykings en wanaanpassings wat eintlik die sg. verkenning van vakke en kursusse kan laat verongeluk en die hele opvoedingsproses verydel. Die gemiddelde kind ken homself nog nie en besef nie sy potensialiteite (talente) op hierdie tydstip van sy lewe nie. 18).

iii. Loopbane:

Die vraag is hoeveel kennis dra die st. 6 = leerling van die onderskeie loopbane en watter kennis maak hy met loopbane in st. 6.

Dit is noodsaaklik dat die kind deeglik met die onderskeie loopbane kennis maak ten einde hom te help in die ontdekking, oriëntering en keuse van 'n beroep, want sy vakkeuse moet in verband met die latere beroep staan.

Die departementele beleid is dat die voorligter die leerlinge sal inlig omtrent die onderskeie beroepe. Die vraag bly egter of hierdie aspek van die voorligter se werk tot sy reg kom, gesien in die lig van die velerlei leiding, ontdekking, oriëntering, ondersoek en selfs gevalle-studie wat hy

17. Shiels, F.H. op cit. p., 116 - 118.

18. Arnoldi, J. A study on the possibility of screening
std. VI pupils.

moet doen in die beperkte tyd van een kwartaal of hoogstens een skooljaar, die verkenningsjaar. Hierdie aspek van voorligting geld veral die B = en C = baanleerlinge, want "beroepsgerigte differensiasie, gesien as pedagogiese probleem, erken die reg van die jeugdige om aanspraak te maak op dié soort onderwys en opleiding wat vir sy beroepsvoorkeur nodig is" 19). Boonop dien daarop gelet te word dat die voorligter slegs èen periode per week het vir hierdie veelvuldige werkzaamhede. 20). In hierdie verband moet onthou word dat naas die algemeen - vormende taak van die middelbare skool en onafskeidelik daarmee verbonde, het dit ook n beroepsvormende taak. Hierdie taak impliseer die voorsiening van beroepsgerigte onderwys en dit weer dui op die noodsaaklikheid van die aanvulling van algemeen - vormende onderwys met beroepsinhoud. 21).

Die belangrike vraag ontstaan derhalwe of die verkenning of oriëntering van die st. 6 = leerling t.o.v. vakkeuse, met die oog op die latere beroepskeuse, wel in die bestek van een of twee of selfs vier kwartale kan geskied. In hierdie verband dink mens veral aan die laat = ontwakers, die minder begaafdes en die afwykendes. Aan die anderkant sou ons as Calviniste ook n tē pragmatistiese benadering van beroepsverkenning wou vermy.

19. Jooste, J.H.: Gedifferensieerde onderwys in die Transvaalse komprehensiewe hoërskool, p. 50.

20. T.O.D. Omsendbrief No. 102 van 1965.

21. Jooste, J.H. op cit., p. 32.

Die Nicol=verslag voer aan dat die kind van 12 - 13 jaar te jonk is om 'n keuse te maak van kursusse of beroep.²²⁾ Ook Shiels beklemtoon dat dit psigologies onmoontlik is vir 'n leerling om voor 14 - 16 jaar te besluit oor sy aanleg en beroepsvoorkeur.²³⁾

iv. Opvoedkundige, sielkundige en sosiologiese oriëntering:

Daar bestaan nie uniforme skale vir die beoordeling van die skolastiese peil van die laerskool nie. Dit is wêl bekend dat skale vir evaluering van leerlinge se werk van skool tot skool verskil. Sosio-ekonomiese omstandighede verskil nie net van omgewing tot omgewing nie, maar van leerling tot leerling. Huislike omstandighede kan aansienlik verskil en huislike omstandighede kan sterk invloed op prestasies uitoefen. Daar is ook die faktor van veelvuldige skoolverwisseling.

Ons is bewus van sielkundige verskille en probleme wat by leerlinge bestaan. Daar is haas nie twee kinders wat eenders is en eenders benader kan word nie. Selfs identiese tweelinge verskil.

As daar dan soveel verskille is t.o.v. opvoedkundige, sielkundige en sosiologiese aspekte van die leerlinge wat van verskillende voedingskole kom, is dit moontlik om van betroubare en vergelykbare prestasies te praat?

Juis as gevolg van hierdie verskille van individu tot individu en van skool tot skool moet daar desnoods groot verskille wees in die duur van tydperke, benodig vir aanpassing

22. Nicol, W.: Verslag van die provinsiale onderwyskommissie, p. 84.

23. Shiels, F.H.: op. cit., p., 143.

by hoërskoolomgewings en by vakke en metodes van onderrig.

Hierdie genoemde aspekte van die oriëntering van die st.6= leerlinge verg uit die aard van die saak nie net individuele aandag nie maar wel gespesialiseerde individuele aandag.

En juis hier lê 'n groot knoop. Die vraag is of die jong onderwyser met 'n groot klas van bykans 40 of meer leerlinge in staat is om hierdie gespesialiseerde en individuele leiding tot oriëntasie te gee.

Die st. 6 = verkenningsjaar val dus eintlik in diè stadium van die kind se ontwikkeling waarin sovele probleme teenwoordig kan wees. Dit is eintlik 'n stadium waarin die kind "broos" is en aan wie baie maklik skade berokken kan word deur onopvoedkundige optrede van die onderwyser.

Dit blyk uit die antwoorde op vraelyste dat 'n groot persentasie van die leerlinge dit moeilik vind om sosiologies sowel as pedagogies aan te pas by die hoërskool.²⁴⁾ As ons om ons kyk, herken ons diesulkes wat alleen en afgesonderd die beskerming van die stil plekkies by die skool soek of teen die skoolmuur vertroosting probeer vind. As 'n mens met hulle 'n gesprek voer, vind jy dat hulle ingekeer is en veral die meisies bars maklik in tranes uit.²⁵⁾

Uit dieselfde antwoorde blyk dit dat baie van hierdie leerlinge die intieme verhouding met die klasonderwyser van die primêre skool mis en verward raak tussen al die vakke en onderwysers van die hoërskool. Baie van hulle vind kompen-

24. Vraag 13 van vraelys, Tabel XI. p.102, 103.

25. Gevalle ondersoek en Lichter et al: The drop-outs
p. 48 - 50, 94.

sasie in afwykende gedrag en/of onderprestasie. Die aanpassing word natuurlik baie vergemaklik deur die teenwoordigheid van 'n ouer broer of suster of intieme ou vriende by die skool. Gelukkig is daar ook baie simpatieke onderwysers wat hulle nog kan inleef in die verwarde toestand waarin die nuweling mag verkeer.²⁶⁾ In hierdie tydperk word hegte vriendskapsbande tussen leerlinge en onderwysers gesmee maar daar kan ook verwydering en selfs antagonisme ontstaan. Simpatieke, persoonlike kontak en wedersydse vertroue kan hier wondere verrig en is noodsaaklik vir suksesvolle oriëntasie.

Die idee van voogonderwyser is 'n poging om hierdie probleem te oorbrug en veral word daarmee gepoog om die kind se sosiologiese en psigologiese aanpassingsprobleme uit die weg te ruim. Sowel die voogonderwyser as die voorligting-onderwyser is veronderstel om persoonlike kontak te maak nie net met die leerling nie, maar ook met sy ouer.²⁷⁾

In die verkenningsjaar moet egter ook in gedagte gehou word dat die vorming van besondere kwaliteite van die kind, wat vir sy besondere taak in die lewe nodig is, belangriker is as net die bybring van kennis. Die beroepsvormende taak van die skool is veel meer as net arbeidsbekwaammaking. Interessant in hierdie verband is die Brunton-rapport oor 'n ondersoek van die Skotse onderwysbeleid. Die rapport be-

26. Sien Tabel XI. p.103.

27. Onderwys_bulletin Vol VIII No. 1 Mrt., 1963, p. 20.
T.O.D. Omsendbrief No. 12 van 1963.

klemtoon "the importance of sound vocational guidance in schools" en "great importance must be attached to the all-round development of young people and to fostering personal qualities and attitudes. Flexibility of outlook and versatility in skill are required nowadays Schools have to prepare pupils not only for working life but also for social and personal life". 28).

Hierdie strekking vind ons in heelwat onlangse verslae oor onderwyssake in verskillende lande bv. die "Robbins Report on Higher Education, October, 1963", in Engeland, in Nieu-See-land, die "Report of the Commission on Education in New Zealand, Wellington, July, 1962", in Australië, die "New South Wales Report of the Committee appointed to survey Secondary Education, Sydney, 1958 (The Wyndham Report)".

Hierdie beginsel is geen nuwe in die opvoedkunde nie, net een wat somtyds uit die oog verloor word.

In die lig van die voorafgaande kom ons onder die indruk van die noodsaaklikheid vir suksesvolle oriëntering van die standerd sesleerling wat op grond van vermoë, belangstelling, ywer en ideaal in die regte baan geplaas moet word. Hierdie probleem word vererger deur 'n tweede probleem nl. die seggenskap van die ouer oor sy kind en die se onderwys en baanplasing. Die kind kan net georiënteer, gelei en ingelig word as die onderwyser-voorligter weet wat die eise is

28. Soos aangehaal deur Groenewald, A.J. In T.O.D. Onderwysbulletin Vol. IX No. 4, Des. 1964, p. 439 - 440 oor The Brunton Report: "From School to further education, Edingburgh, April 1963".

vir elke rigting en as hy weet in hoeverre die kind aan daardie eise voldoen.

Die oriënteringsonderwyser se taak is dus drieërlei van aard nl.

- (a) die oordra van kennis van die eise van die baan aan die kind;
- (b) evaluering van die kind om vas te stel aan watter baanvereistes hy voldoen en
- (c) die oriëntering van die kind en saam met die kind sy ouer ten opsigte van die baan wat hom die beste pas en dan ook die geskikste beroep vir daardie kind te bepaal in die lig van alle beskikbare gegewens.

As uitgangspunte van hierdie bespiegeling word die beginsels van differensiasie en die gevolglike baanindeling aanvaar en gepaardgaande daarmee ook die noodsaaklikheid van die oriënteringsjaar. Daar ontstaan egter vrae omtrent die implementering van die beginsel van oriëntering in die eerste jaar van hoërskoolonderwys. Hierdie implementering vereis dat daar aan sekere vereistes moet voldoen word ten einde die oriëntering tot sy reg te laat kom en om die kind en sy belange as die sentrale uitgangspunt altyd eerste te plaas. Derhalwe moet die baanstelsel onder oë geneem word en voortvloeiend uit hierdie besinning die evaluering van die kind ten einde hom te plaas in die baan of kursus, wat vir hom die beste is. Daarvoor sal afgesien van evaluering ook nodig wees voorligting en leiding.

In die hieropvolgende hoofstukke sal dan eerstens baanindeling besien word en vervolgens met evaluasie van die leerling en sy voorligting gehandel word, soos dit gesien word in

die idealistiese voorskrif van die T.O.D. en soos dit in die praktyk aangetref word.

Daar sal verder getrag word om oriëntering van die st. 6 = leerling van nader te beskou om dan gevolgtrekkings te maak oor die wese, inhoud en doel van die oriënteringsjaar.